So is ons verraai (24)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (14)

Teenreaksie en Internasionale Skynheiligheid

Negentien dae ná Sharpeville het 'n wit Engelssprekende man dr. Verwoerd tydens 'n openbare geleentheid in Johannesburg op kort afstand met 'n rewolwer in die gesig geskiet. Verwoerd het die aanslag wonderbaarlik oorleef.

Die opspraakwekkende gebeure van die voorafgaande onstuimige weke het natuurlik dwarsdeur die Wit Suid-Afrikaanse gemeenskap en die res van die wêreld opslae gemaak, maar op direk teenoorgestelde maniere. Die Regering het in bykans twee derdes van die land 'n noodtoestand afgekondig en die Wet op Verbode Organisasies, 34 van 1960 (*Unlawful Organizations Act*) deur die Parlement geloods. Hierdie wet het die ANC, PAC en ander organisasies in die ban gedoen. 'n Groot getal opruiers en saboteurs is in hegtenis geneem en die Strafproseswet is sodanig gewysig dat 'n persoon in hegtenis geneem en aanvanklik vir 90 dae aangehou kon word voordat hy in die hof moes verskyn. Nadat die aangehoudenes aangekla en verhoor is, is talle van hulle skuldig bevind en lang tronkstrawwe opgelê, waarna die onluste en geweld spoedig tot 'n einde gekom het. 'n Klein groepie leiers het egter in die geheim voortgegaan om 'n groter en bloediger opstand as wat Suid-Afrika tot nog toe beleef het, te beplan.

Omdat die ANC reeds voor 1960 ondergronds bedrywig was, kon hulle, nadat die organisasie verban is, bloot daarmee voortgaan. *Operation Mayibuye* wat deur MK leiers beplan is, het beoog om die regering omvêr te werp in die chaos wat op 'n reuse terroriste-aanslag sou volg. "Mayibuye" sou die dood van duisende burgerlikes tot gevolg hê weens die beplande aanwending van 48 000 landmyne, 210 000 handgranate, duisende vuurwapens en petrolbomme dwarsoor Suid-Afrika. Hierdie operasie is in die kiem gesmoor toe sewentien van die leiers — meestal Blanke kommuniste — in hegtenis geneem is. Ná sommige ontsnappings het elf van hulle op aanklagte van sabotasie en ander misdade tereg gestaan tydens die Rivonia-verhoor van 1963/64. Agt van die aangeklaagdes, insluitend Nelson Mandela, het lewenslange vonnisse ontvang. Daarna het 'n daar meer as 'n dekade van rus en stabiliteit vir Suid- Afrika gevolg (*Strydom: 52-73; 153-154; Norval, M.: 73*).

In hulle eie eensydige weergawe van die gebeure het die groot medianetwerke Sharpeville as 'n brutale massamoord op onskuldige vreedsame betogers deur 'n brutale polisiemag voorgestel, en dit het net nog 'n stimulus geword om die Verwoerd-regering as 'n tirannie van die ergste graad te bestempel. Dieselfde reaksie het op die Rivonia verhoor gevolg. Sou Mandela en sy medeaangeklaagdes beplan het om 'n Swart regering elders in Afrika omver te werp, sou hulle waarskynlik

sonder verhoor tot die dood gemartel gewees het. Dog die tronkstrawwe wat op ’n foutlose verhoor gevolg het, is beklaag as die ergste vorm van onderdrukking deur die “Apartheidsregime”. Gelukkig was almal op die internasionale podium hierdeur geflous nie. Amnestie Internationaal (beslis nie ’n regse pro-apartheid organisasie nie), het geweier om Mandela en sy bende as politieke gevangenes te erken (*Norval, M.: 78*). Om die waarheid te sê, die Amerikaanse en ander regerings het die ANC as ’n “terroristeorganisasie” geklassifiseer *(“Terrorist Group Profiles”. U.S. Government Printing Office, 1988: 129-130; Norval, M.: 190*).

Daar was ook ander stemme wat die aanhoudende anti-apartheid geskree verdoem het. Die hoofredakteur van die grootste Hollandse koerant (C.G. Brandt van *De Telegraaf*) het gesê dat niemand met wie hy gepraat het, ’n werkbare alternatief daarvoor kon voorstel nie. Lord Milverton, ’n voormalige goewerneur van Nigerië het aan *The Times* van London gesê: “*What is the alternative (to separate development)? Africa is strewn with the wrecks of multi-racial dreams*” (*Department of Information: 87*).

Ten spyte van hierdie stemme roepende in die woestyn, het Suid-Afrika sedert die 1960s op die wêreldfront al hoe meer geïsoleer geraak; veral in die Algemene Vergadering van die VN wat deur Derdewêreldlande oorheers is. Kort voor lank het hierdie liggaam Suid-Afrika met ’n veldtog van handelsanksies, kulturele boikotte en sielkundige aksies geteister wat ongeëwenaar in die wêreldgeskiedenis was. Teen 1973 is apartheid as ’n “misdaad teen die mensdom” verklaar toe die ICSPCA (*International Convention on the Suppression and Punishment of the Crime of Apartheid*) aanvaar is. Dit is baie ironies dat hierdie konvensie deur die kommunistiese regime van die USSR aangevoor is; ’n regime wat sedert sy ontstaan vier keer meer van sy eie burgers vermoor het as wat daar swartes op daardie stadium in Suid-Afrika was.

Hierdie soort van skynheiligheid was en is kenmerkend van al die ander nasionale state wat voorsangers in die anti-apartheid koor was. Hulle morele verontwaardiging (met hulle eie baie erger menseregteskendings) het bloot as ’n rookskerm gedien om die wyse waarop sanksies en boikotte hulle eie nasionale belange gedien het, te verbloem; want Suid -Afrika was gedurende die 1960s en 1970s ’n gedugte mededinger op die internasionale markte, nie slegs ten opsigte van die verkoop van grondstowwe nie, maar in toenemende mate ook ten opsigte van vervaardigde goedere. Verder het die Wit regering van Suid-Afrika internasionale besigheidskartelle ontsê van die winsgewende onderduimse transaksies wat sonder uitsondering deel was van bykans alle “vryheids”oornames in Afrika, waardeur hulle miljarde deur middel van korrupte staatsamptenare ingepalm het. Die anti-apartheidkampanje en sanksies was ’n gulde geleentheid om hierdie “probleme” te “hanteer”. Vir ander lede van die sanksiedrywers was dit ’n gerieflike metode om die aandag van hulle eie menseregteskendings van die verlede en die hede af te lei, en by nog andere in dieselfde bootjie was beide oorwegings die dryfveer (*Mzimela: 81-91*).